Graad 10

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

EKSEMPLAAR

VRAESTEL 2

November 2014

PUNTE: 70
TYD: 2 UUR

Hierdie VRAESTEL bestaan uit 11 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Lees hierdie instruksies noukeurig deur voordat jy begin om vrae te beantwoord .

2. Raadpleeg die inhoudsopgawe op die volgende bladsy sodat jy kan sien op watter bladsye die vrae is wat jy moet beantwoord.

3. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings :
   AFDELING A: Kortverhale
   AFDELING B: Poësie

4. Beantwoord AL TWEE afdelings.

   AFDELING A: Kortverhale
   Beantwoord die vrae van BEIDE kortverhale.

   AFDELING B: GEDIGTE
   Beantwoord die vrae van BEIDE gedigte.

5. Gebruik die kontrolelys om jou te help.

6. Volg die instruksies aan die begin van elke afdeling noukeurig.

7. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

8. Begin elke afdeling op 'n NUWE bladsy.

9. Voorgestelde tyd: ongeveer 60 minute vir elke afdeling.

10. Skryf netjies en leesbaar.

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL
GRAAD 10 NOVEMBER-EKSAMEN 2014
VRAESTEL 2

AFDELING A: KORTVERHALE				
Beantwoord die vrae oor BEIDE die kortverhale.				
VRAAGNOMMER		**VRAAG**	**PUNTE**	**BLADSY**
1.	**Die ooreenkoms**	**Kontekstuele vraag**	**18**	**4**
EN				
2.	**Die wedloop**	**Kontekstuele vraag**	**17**	**6**
EN				
AFDELING A: GEDIGTE				
Beantwoord die vrae oor BEIDE die gedigte.				
VRAAGNOMMER		**VRAAG**	**PUNTE**	**BLADSY**
3.	**Ek is oek important**	**Kontekstuele vraag**	**17**	**8**
EN				
4.	**Eksamen**	**Kontekstuele vraag**	**18**	**10**

Kontrolelys				
Afdeling		**Aantal Vrae**	**Aantal Beantwoord**	**Merk**
A.	**Kortverhale**	**2**	**2**	
B.	**Gedigte**	**2**	**2**	

AFDELING A: KORTVERHALE

VRAAG 1: KONTEKSTUELE VRAAG

***Die ooreenkoms* – Dalene Matthee**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

Die daglig bring verligting maar nie gerustheid nie. Hy kan immers uit die kamer vlug, al is dit dan na ou Sarah toe. Willem sal nie lol so lank daar ander mense by is nie. Naby ou Sarah glad nie. Na die middag gaan lê hy ook nie soos gewoonlik nie, maar bly in die sitkamer tot die ander opstaan.

Teen halfses is hy vir die whisky so lus dat hy nie weet waar hy die moed vandaan moet kry om alleen kamer toe te gaan nie. Sê nou hy sit nog so en skielik sit Willem se gees oorkant hom soos Willem altyd? Wat van die nag wat voorlê? Hy kan ou Andries vra om by hom te kom slaap, maar hoe sê een groot man vir 'n ander hy is bang ou Willem kom spook omdat dit die ooreenkoms was? Dit sal soos 'n brand deur die plek wees en die hele ou spul op hol jaag.

Miskien moet hy homself sterk en Willem laat kom spook en klaarkry. Nee. Dis maklik gedink so lank die son skyn. As die begrafnis net eers agter die rug is ... Dit voel vir hom Willem sal tot ruste kom as hy eers weggebêre is. Maar tot Maandag toe lê daar 'n hele naweek voor!

1.1. Kies die korrekte antwoord. Skryf net die vraagnommer (1.1) en die letter (A – D) neer.

Jakob en Willem het soos ... teenoor mekaar gevoel.

A vreemdelinge
B kennisse
C bloedbroers
D kamermaats (1)

1.2 Jakob en Willem het elke aand “stoutigheid" aangevang

1.2.1 Wat was dit? (1)

1.2.2 Wat se reël van die ouetehuis het hulle aangepas om die “stoutigheid” te kon pleeg? Gee twee feite. (2)

1.2.3 Hoe laat het hulle dit gedoen? (1)

1.3. Jakob en Willem het baie dinge met mekaar gedeel. Hulle het na die (nuus/godsdiens) oor Willem se radio geluister. (1)

1.4. En toe na vyf jaar van saambly, gaan Jakob en Willem die ooreenkoms aan.

1.4.1 Wat het aanleiding gegee tot die sluit van die ooreenkoms. Gee twee feite. (2)

1.4.2 Wat was die ooreenkoms wat gesluit was tussen Willem en Jakob? (2)

1.4.3 Hoe lank na die ooreenkoms gesluit was, is Willem oorlede? (1)

1.4.4 Hoe lank was Willem in die hospitaal voor hy oorlede is? (1)

1.5 Kies die korrekte antwoord. Skryf net die vraagnommer (1.5) en die letter (A – D) neer.

Hoe het Jakob gevoel nadat hulle Willem begrawe het?

A Alleen en dus wou hy gehad het die bestuur moet so gou as moontlik ’n nuwe kamermaat vir hom kry.
B Bang omdat Willem hom gaan besoek en daarom het hy nooit ooit weer teruggaan na sy kamer toe nie.
C Hartseer want die verlies van ‘n bloedbroer kon nie erger gewees het nie.
D Eensaam en het dus ou Sarah gevra om saam met hom in die kamer te kom bly. (1)

1.6. Pas die stelling in kolom A by die karakter in kolom B. Skryf net die vraagnommer (1.6.1 – 1.6.4) en die letter (A – D) neer.

Kolom A		Kolom B	
1.6.1	Sy het ‘n lang siekbed gehad en toe gesterf	A	Willem
1.6.2	Hy het in ‘n koöperasie gewerk.	B	Jakob
1.6.3	Sy het sin gehad vir Jakob.	C	Christina
1.6.4	Hy was ‘n treindrywer.	D	Sarah
		E	Mart

1.7. Kies die korrekte antwoord. Skryf net die vraagnommer (1.7) en die letter (A – D) neer.

Die tema van die kortverhaal is…

A ou vrouens is laf.
B spoke is gevaarlik.
D vriendskap is spesiaal.
C alkohol lei tot die dood. (1)

[18]

EN

AFDELING A - KORTVERHALE

VRAAG 2: KONTEKSTUELE VRAAG

***Die wedloop* – Pirrow Bekker**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

"Ons sal iets moet doen ... aan die bloed," dring Vis se stem tot my deur. Ek voel hoe die huil in my losraak. Toe raas ek uit skaamte en magteloosheid en vrees.
"Hoekom loop jy nie?! Loop hardloop alleen! Dis mos wat jy wou gehad het! Waarom jy my hierheen gelok het!"
Toe tap die trane op my seer voet.
"Ek gaan iets in die huis soek. Ma het verbande ..."
Ek sukkel orent ..
"Loop! Ek wil niks met jou te doen hê nie."
Op eenbeentjie spring ek hek toe. Noudat die been hang, klop die pyn erger in die hakskeen.
Aan die hekpaal klou ek vas. Die trane drup op die skurwe kop van die paal en benat die afdoppende verf. Ek weet dat die bloed nog altyd vloei.
"Sit. Dan bind ek net my sakdoek daarom. Daar by die baan is daar noodhulp. "
Ek pluk die hek oop en terwyl ek aan die draad vashou, spring ek tot by die hoek van die erf. Ek besef dat ek so nooit die atletiekveld sal haal nie. En as ek dit ook haal, wat dan? Ek kan nie eers daaraan dink nie.
Maar daar is nou net een drang. En dit is om weg te kom van die vervloekte Vis af.

2.1. Vis Pieterse en Salmon Steenkamp kompeteer elke jaar teen mekaar in atletiek? Watter karakter het die die vorige jaar die …

2.1.1 naellope gewen? (1)

2.1.2 hoogspring gewen? (1)

2..2 Kies die korrekte antwoord. Skryf net die vraagnommer (2.2) en die letter (A – D) neer.

Vis lyk aan die begin van die verhaal vol …

A vrees.
B selfvertroue.
C mismoedigheid.
D selfbejammering. (1)

2.3. Die skole van Blinkklip en Noordburg maak elke jaar beurte oor waar die atletiek gehou sal word.

2.3.1 Waar was die atletiek die vorige jaar gehou? (1)

2.3.2 Waar word die atletiek die jaar gehou? (1)

2.4. Kies die korrekte antwoord. Skryf net die vraagnommer (2.4.1. – 2.4.3) en die letter (A – D) neer.

2.4.1 (Noordburg/Blinkklip) het die vorige jaar die atletiek gewen omdat 2.4.2 (Noordburg/Blinkklip) gediskwalifiseer was omdat een van hulle atlete 2.4.3 (in ‘n ander atleet se baan gehardloop het/te ver met die aflosstok gehardloop het) (3)

2.5 Vis daag Salmon drie keer uit.

2.5.1. Noem die twee uitdagings wat Vis aan Salmon rig toe hulle by die verversingstent ontmoet het. (2)

2.5.2. Water uitdaging rig Vis aan Salmon buite sy huis nadat hulle gestry het oor die karretjies? (1)

2.6. Pas die aanhaling uit die verhaal in kolom A by die karakter in kolom B. Skryf net die vraagnommer (2.6.1. – 2.6.3) en die letter (A – D) neer.

Kolom A		Kolom B	
2.6.1.	“As jy oorkom, stuur ek môre ’n verskalf oor Suidoostebank toe.”	A	Die atletiekonderwyser.
2.6.2.	“Toe maar wat, dis maar net sport.”	B	Oom Drieman Van Der Walt.
2.6.3.	“My geld is op jou. Het jy jou lyf vetgesmeer?”	C	Vis Pieterse
		D	Ou Dollevaart.

(3)

2.7. Is die volgende stelling waar of onwaar? Gee ‘n rede vir jou antwoord.

Beide Vis en Salmon wil nie atletiek doen nie. (1)

2.8 Wie het aan die einde van die verhaal die wedloop gewen? (1)

2.9 Wat is die tema van die kortverhaal? (1)

[17]

TOTAAL AFDELING A 35

EN

AFDELING B: GEDIGTE

VRAAG 3: KONTEKSTUELE VRAAG

Ek is oek important – Peter Snyders

Lees die gedig hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

Ek is oek important

As al julle geldgatte
Julle geld gespendit,
en julle bananaskille
innie slootjie gegooi het
en julle bustikkits
soes confetti rongestrooi het,
en julle staain en cool drinks
Opgedrink het
en julle borrels en blikkies
in ‘n gangetjie gesit het,

en julle visgraatbolle
En vrot vrugte
en stukkende boksies
en papiere
r o n d g e s t r o o i h e t

dan kom ek
en makie wêreld weer skoon :
Soe,
ek is oek important

Peter Snyders

3.1 Wie sal die “ek” in die versreël “dan kom ek”, wees? (1)

3.2 Hoe verskil die verteller in hierdie gedig van die “ge|dgatte" in strofe 1?
Jy MOET ‘n vergelyking tref soos:
Die geldgatte …….. en/terwyl die straatveër/verteller…….. (2)

3.3 Nie net is die straatveër/skoonmaker belangrik nie, maar ook sy… (1)

3.4 Skryf 'n woord uit die gedig neer wat dieselfde beteken as om geld uit te gee. (1)

3.5 Skryf een woord uit die gedig neer wat dieselfde beteken as “rondgegooi”. (1)

3.6 Kies die korrekte antwoord. Skryf net die vraagnommer (3.6) en die letter (A – D) neer.

Die herhaling van en "julle" wys dat die spreker …

A die mense uithelp.
B die mense goed ken.
C nie een van hulle is nie.
D bly is oor hoe die mense hulle gedra. (1)

3.7 Kies die korrekte antwoord en skryf net die vraagnommer (3.7.1 – 3.7.2) en die korrekte antwoord neer.

Die spreker sê die buskaartjies word soos 3.7.1 (konfettie/sand) rongestrooi en dit staan bekend as 'n 3.7.2 (paradoks/vergelyking) (2)

3.8 Kies die korrekte antwoord en skryf net die vraagnommer (3.8.1 – 3.8.2) en die korrekte antwoord neer.

Die stylfiguur waar daar baie voegwoorde in 'n gedig gebruik word soos die "en" in díe gedig staan bekend as 3.8.1 (asidenton/polisidenton) en in die gedig 3.8.2 (sê dit presies hoe die spreker voel/verbind dit die gebeure). (2)

3.9. Noem twee soorte drankies wat die mense, waarna in die gedig verwys word, gedrink het. (2)

3.10. "rondgegooi" is anders geskryf as die res van die gedig se woorde.

3.10.1 Wat is die funksie hiervan? Gee TWEE feite. (2)

3.10.2 As daar net een woord in 'n versreël is staan dit bekens as (alleenplasing/metonimia). (1)

3.11 Kies die korrekte antwoord. Skryf net die vraagnommer (3.11) en die letter (A – D) neer.

Visgraatbolle beteken .

A visgrate wat in borde is.
B vis en skyfies wat in 'n bord is.
C visgrate wat in papier opgerol is.
D visgrate en skyfies wat op die vloer is. (1)

[17]

EN

AFDELING B: Gedigte

VRAAG 4: KONTEKSTUELE VRAAG

Eksamen – Annesu De Vos

Lees die gedig hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

Eksamen

dit is kakofonie
wanneer jy bang verwilderd
kantel
deur die nag
tussen die bladsye
van hoofstuk vyf
se Klimatologie;
die lêboor van die wyfiesprinkaan
Klop
haar eiers stelselmatig stoot
tot in die veilige vesting
van jou dop –
jy sien die dood
as die Franse Revolusie bloedloos stol
Sodat die lewensiklus
van die mielieboorwurm
in die hamerslae van jou kop
voltooing vind
tot jy verkorrel
in die suiker van soet slaap

Annesu De Vos

4.1 Watter woord uit die gedig verwys na 'n deurmekaarspul? (1)

4.2 Na wie verwys die "jy" in die gedig? (1)

4.3 Haal twee opeenvolgende woorde in die gedig aan wat vir ons sê hoe die "jy" voel. (1)

4.4 Hoe word in die gedig na die brein verwys? Haal een woord aan. (1)

4.5 Skryf die versreël in die gedig neer wat by die skoolvakke hieronder pas.

4.5.1 Aardrykskunde (1)
4.5.2 Biologie (1)
4.5.3 Geskiedenis (1)

4.6 Die woord uit die gedig wat verwys na ’n geweldige hoofpyn is ….

A kantel
B vesting
C hamerslae
D bloedloos (1)

4.7 Watter woord sê dat die leerder klaar Biologie gestudeer het? (1)

4.8 Die wyfiesprinkaan lê haar eiers.

4.8.1 Waarmee lê die wyfiesprinkaan haar eiers? (1)

4.8.2 Watter woord sê dat die eiers sistematies deur die wyfiesprinkaan uitgestoot word? (1)

4.8.3 Waar stoor die wyfiesprinkaan haar eiertjies om seker te maak dis veilig? Gee twee opeenvolgende woorde uit die gedig. (1)

4.9 Is die volgende stelling waar of onwaar? Haal een woord aan uit die gedig om jou antwoord te bewys.

Die leerder voel of sy/hy haar/sy balans verloor van al die leerdery. (1)

4.10 Watter woord sê dat die leerder nie verder in Geskiedenis gaan studeer nie? (1)

4.11 Kies die korrekte antwoord. Skryf net die vraagnommer (4.11.) en die letter (A – D) neer.

Eksamen is gewoonlik ’n tyd van …

A stres
B geluk
C slaap
D vreugde (1)

4.12 Haal die woorde aan wat aandui wanneer die student geleer het. (1)

4.13 Aan die einde van die gedig slaap die spreker 4.13.1 (onrustig/soet) en soos dit in die gedig gebruik is staan dit bekend as ‘n 4.13.2 (vergelyking/metafoor). (2)

[18]

TOTAAL AFDELING B 35
VRAESTEL TOTAAL 70